# Dieremaniere in die winter

**Hoe berei diere hulle voor vir die winter**

Wat doen ons voordat ons uitgaan in die koue? Ja, ons trek 'n warm jas en handskoene aan. Dit is ook dieselfde met die diere. Hulle berei hulleself ook goed voor vir die winter, veral in die ysige Europese lande. Die eekhorings daar se pels groei dikker gedurende die herfsmaande om hulle teen die koue te beskerm, want ten spyte van die koue, moet die eekhorings uitgaan om kos te soek.

Baie neute kan gedurende die herfs gevind word en dit is dan ook gedurende dié seisoen dat die eekhoring lekker vet word. Die vetlagie sal hulle lekker warm hou en energie verskaf gedurende die winterseisoen.

Wanneer eekhorings soveel moontlik geëet het, begin hulle om van die voedsel weg te steek. Hulle steek dit in hol boomstamme asook in gate in die grond weg. Soms vergeet hulle waar die kos gebêre is, maar dan ontkiem die sade en neute en groei weer tot nuwe voedsel. Sommige eekhorings hiberneer, met ander woorde hulle slaap gedurende die koue wintermaande, soos baie ander diere.

Ander diere wat ook voorsorg teen die koue tref, is muise wat hulle ook besig hou om kos op te gaar vir die koue. Marmotte, slakke en vlermuise vind beskutte plekke waar hulle die winter kan deurbring. Wanneer hulle slaap, verlaag hulle liggaamstemperatuur en hulle asemhaling word ook stadiger, sodat hulle minder energie gebruik.

Swartbere en slange is ook diere wat 'n winterslapie geniet. Het jy geweet slange stoor kos lank voor die tyd in hulle lywe? Hierdie kos stoor hulle in die vorm van 'n vetkoekie, en hulle kan heelwat daarvan stoor. Slange oorwinter gewoonlik in die grond. Sommige van hulle kom wel gedurende die dag so bietjie uit om in die son te lê. Die gate waarin hulle slaap, hou die temperatuur nogal konstant.

Voëls tref ook die nodige voorsorgmaatreëls vir die ysige winter wat voorlê. Soos die dae korter word, trek duisende voëls na Europa. Hulle verveer ook en kry nuwe, sterker vere by. Liggaamsvet word ook opgebou as energie vir die lang reis wat voorlê. Gedurende die migrasie moet die voëls baie gevare trotseer: storms, winde, droogtes langs die roetes en selfs botsings teen mensgemaakte voorwerpe soos radiotorings en ligtorings. Baie van die voëls oorleef nie die reis na die warmer gebiede nie.

Diere wat op hierdie en ander maniere by die seisoene aanpas, verseker hulle voortbestaan vir die volgende seisoen.



**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Onderstreep die korrekte antwoord.
   Die belangrikste gedagte van die artikel is:
   a) Winterslaap van diere.
   b) <u>Diere se voorbereidings vir die winter.</u>
   c) Hoe slange kos stoor vir die winter.
   d) Wat ons doen wanneer dit winter is.

2. Dui aan of die volgende bewerings waar of onwaar is:
   a) Eekhorings word vet in die herfs. __waar______
   b) Alle diere hiberneer in die winter. __onwaar____
   c) Slange gaan uit in die winter om kos te soek. __onwaar____
   d) Slange slaap ook gedurende die winter. __waar______
   e) Voëls berei hulleself ook voor vir die winter. __waar______

3. Waarom is dit belangrik dat diere hulleself voorberei vir die winter?
   _Dit verseker hulle voortbestaan vir die volgende seisoen. OF__________
   _As hulle nie voorberei nie, gaan hulle doodgaan van die honger en koue.

4. Gee 'n ander woord wat min of meer dieselfde betekenis het as hibernering.
   _slaap_____________________________________________

5. Noem twee diere wat in die winter slaap.
   _swartbere en slange____________________________________

6. Wat doen eekhorings wat in baie koue lande bly om hulleself teen die koue te beskerm?
   _Die eekhorings se pels groei dikker gedurende herfsmaande en hul_____
   _vetlagie hou hulle ook warm._______________________________

7. Waarom bêre eekhorinkies kos in hol boomstamme en in die grond?
   _Hulle probeer om hul kos weg te steek.___________________________
   ______________________________________________________

8. Waarom doen sekere diere baie min in die winter?
   _Hulle wil so min as moontlik energie gebruik omdat die gebrek aan kos__
   _hulle swak maak en dan kan hulle moontlik nie die winter oorleef nie.___